Tweeling gebore 20 Desember 1914.
Dogtertjie oorlede 25 Desember 1914.
Seuntjie oorlede 26 Desember 1914.

ELIZABETH ANNA
★ 4-5-1916 — Getroud met W. Koekemoer. 2 Kinders, 8 kleinkinders en 5 agterkleinkinders is uit huwelik gebore.

GEORGE FREDERICK
★ 7-5-1919 — Getroud met Maggie Prinsloo. 5 Kinders en 9 kleinkinders is
✞ 25-12-1979 — uit die huwelik gebore.

CORNELIS JOHANNES (CORRA)
★ 9-12-1920 — Getroud met G. Greeff. 6 Kinders en 14 kleinkinders is uit huwelik gebore.

Die familie het in September 1915 op Brandhout, distrik Mafeking gaan woon. Die plaas is nog in die familie en die wit kliphuis asook die stal staan nog, as 'n baken — 'n onthou plek vir die nageslag.

Die Burke familie was gladnie groot nie. Daar was nog 'n broef George Frederick, asook 'n suster Hester (Hessie). Twee ander susters, Maggie en Bekkie is op 'n vroeë ouderdom oorlede — albei is op Brandhout begrawe. 'n Ouer broer Hans is op 29 Januarie 1907 te Gobabis deur die Hottentotte vermoor.
Hester Burke was met Abraham (Apie) Schoeman getroud. Tot en met hulle dood het hulle op Klerksdorp gewoon, waar hulle seun Abraham en sy familie vandag nog woon. Hulle het nog 3 dogters gehad.
George Frederick was met Heletjie Brand getroud. Hulle het 3 seuns gehad — die oudste is as baba oorlede en ook op Brandhout begrawe. Die ander twee seuns Pieter en Hannes is met 2 Smit susters getroud en het altesaam 6 kínders en 4 kleinkinders.
Tant Heletjie, soos by almal bekend, woon nog op die plaas naby Pieter en sy gesin. Alhoewel die treetjies al korter word en die amandelboom ook al wit in die blom staan, is en bly Tant Heletjie vir ons almal 'n mooi voorbeeld. Mag sy in die jare wat voorlê nog goeie gesondheid geniet.

G. F. Burke en gesin